

WETENSKAPLIKE BYDRAES VAN DIE PU VIR CHO

Reeks H: Inougurele Rede nr. 100

HIPNOSE: PANASEE OF MITE?

'n Krities-eksperimentele beskouing ter illustrasie van die verskille in aanbieding en daaruitsprekende prestasie by Afrikaanse en Engelse universiteite

D.A. Louw

Professorale intreerede gelewer op 26 Oktober 1984 by die Vaaldriehoek-kampus van die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Departement Sentrale Publikasies

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Potchefstroom

1985

Die Universiteit is nie aanspreeklik vir menings in die publikasies uitgespreek nie.

Navrae in verband met die *Wetenskaplike Bydraes* moet gerig word aan:

**Die Direkteur
Departement Sentrale Publikasies
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
2520 POTCHEFSTROOM Suid-Afrika**

The University does not hold itself responsible for the opinions expressed in the publications.

Inquiries in connection with the *Wetenskaplike Bydraes* must be addressed to:

**The Director
Central Publications Department
Potchefstroom University for Christian Higher Education
2520 POTCHEFSTROOM South Africa**

© 1985

ISBN 0 86990 811 1

MENEER DIE REKTOR, VISE-REKTOR, DEKAAN, KOLLEGAS, DAMES EN HERE

Ek dink u sal met my akkoord gaan wanneer ek sê dat die keuse van 'n onderwerp vir 'n intreerede nie altyd 'n maklike taak is nie. Hoewel die huidige neiging om intreeredes meer “verstaanbaar” en aanvaarbaar vir almal te maak weliswaar in hierdie verband in my kraal gepas het, het ek 'n ander probleem ondervind. En dit is dat dit waaroor ek graag wou praat nie aftrek sou kry nie, en dit waaroor die mense gewoonlik wil hê 'n psigoloog moet praat, tien teen een nie by die psigoloog aftrek kry nie. Ek het toe gewonder of dit nie dalk sou slaag indien ek dan maar 'n onderwerp kry om mense te lok nie — en as hulle eers hier is, dan praat waaroor ek graag wil praat (!). Maar getrou aan die PU vir CHO-beginsels het my gewete my begin pla en ek het besluit om 'n kompromie te tref: ek sal praat waaroor ek graag wil praat en dit dan illustreer aan die hand van dit waarna mense vanaand gekom het om te luister, naamlik **hipnose**.

Meneer die Rektor, ek wil vanaand sommer so uit die hart en reguit praat oor 'n saak wat vir my reeds lank 'n bron van groot kommer is, 'n saak wat (namate 'n meer realistiese en openlike gesindheid ingetree het) al hoe meer in die binnekringe van Afrikaner-akademici gehoor word en ook 'n saak wat volgens my alleen opgelos kan word indien daar openlik oor gesels en oplossings voor gesoek word.

Die saak, meneer die Rektor, is die relatief swak akademiese en veral navorsingsbydrae van Afrikaanse universiteite teenoor Engelse universiteite. Vir diegene wat wonder hoe ek hierdie aspek vanuit die psigologie gaan belig en veral met hipnose in verband gaan bring, wil ek net sê dat ek van die algemene na die spesifieke gaan beweeg. In die besonder wil ek aantoon hoe die Afrikanerstudent met die Engelse student in die algemeen vergelyk, daarna wil ek een spesifieke bydraende faktor uitlig, dit in die psigologie toepas en met die voorbeeld van hipnose illustreer.

Kom ons kyk eers na die vergelyking tussen die prestasie van die Afrikaanse en Engelse student. Voor ons daarna kyk, wil ek dit egter baie duidelik stel dat ek geensins van plan is om 'n akademiese vryheidsoorlog te ontketen nie. Die doel is primêr om op 'n basis van vergelyking ons Afrikaanse universiteite se prestasies te evalueer — met die

oogmerk om te verbeter. Selfkritiek was immers vir my nog altyd die beste vorm van kritiek — dit leer die Bybel ook vir ons.

ILLUSTRASIE 1


WENNERS VAN WISKUNDE-OLIMPIADE: 1966-1983

HUISTAAL	GETAL	PERSENTASIE
Afrikaans	29	17,7%
Engels	120	73,2%
Afrikaans en Engels	2	1,2%
Ander	13	7,9%
	164	100%

Bron: RGN se Instituut vir Opvoedkundige Navorsing (Arndt, 1984)

ILLUSTRASIE 2

WETENSAP-OLIMPIADE SKOLIERE AAN AFRIKAANSE SKOLE WAT GEKWALIFISEER HET OM AAN WETENSAPWEEK DEEL TE NEEM



Bron: Stigting vir Onderwys, Wetenskap en Tegnologie (Arndt, 1984).

Dit is sowel interessant as onrusbarend dat, hoewel prof. Tom van Dyk, ons huidige Vise-Rektor en ook 'n psigoloog, reeds in 1965 op die gevare van hierdie tendens gewys het, sy pleidooi skynbaar op dowe ore geval het, aangesien die tendens maar net voortgeduur het. In 'n artikel — getiteld “*Engelse Kind word op skool beter voorberei vir lewe*” en wat in die destydse *Dagbreek en Sondagnuus* van 26 Junie 1966 verskyn het — verwys Van Dyk na die beskuldiging dat Afrikaanse leerlinge “*te veel met barre kennis volgeprop word en nie gelei en geleer word om te beskou, te vergelyk, te ontleed, te dink en te besin ni*”. Hy noem ook dat die aksent te veel op “*'n slaafse konformiteit*” laat val word.


Van Dyk se standpunt kry veral betekenis wanneer gekyk word na die matriekuitslae van Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge en waar die Afrikaanse leerling nie afsteek by sy Engelse eweknie nie. Dit wil sê, dit wil voorkom asof die Afrikaanse leerling baie meer akademies tuis voel in wat dr. Arndt, Vise-President van die WNNR, noem “*'n voorafbepaalde normsisteem*”. Dink maar in hierdie verband watter groot rol die onderwyser in baie van ons leerlinge se matriekprestasies speel (deur bv. uitgewerkte vrae te verskaf, te help “*spot*”, ens.), dat die leerlinge se antwoorde nagesien word deur eksaminatore wat moontlik dieselfde voorafbepaalde normsisteem as die kinders het, en so meer. Wanneer die Afrikaanse leerlinge egter in situasies geplaas word waar nuwe insigte en kreatiewe denke vereis word (soos in die geval van die Wiskunde-Olimpiade en Wetenskapsweek), steek hy af by sy Engelse eweknie.

Maar wat is die toedrag van sake by ons universiteite?

Kom ons kyk eers hoe die personeel en studente van die Afrikaanse universiteite vaar in die kompetisie om die toekennings van die WNNR se Stigting van Navorsingsontwikkeling. Omdat relatief uiters min voorgraadse beurse toegeken word, kyk ons na die toekenning van nagraadse en buitelandse studiebeurse.

ILLUSTRASIE 3


NAGRAADSE BEURSE AAN DIE SNO



Bron: SNO-leërs (Arndt, 1984).

ILLUSTRASIE 4


SNO-BEURSE VIR STUDIE IN DIE BUITELAND



Bron: SNO-leërs (Arndt, 1984).

ILLUSTRASIE 5

SNO-ONDERSTEUNING VIR BYWONING VAN INTERNASIONALE KONFERENSIES



Bron: SNO-leërs (Arndt, 1984).

Wat die bywoning van internasionale konferensies betref, ontvang die Afrikaanse universiteite ook nie hul regmatige deel nie.


Kyk ons na die geesteswetenskappe, is ek bly om te berig dat, na bestudering van die RGN-toekennings, dit blyk dat die Afrikaanse universiteite wel hul regmatige plek ten opsigte van studie- en navorsingstoekennings inneem. Kritici meen egter dat dit te wagte kan wees, aangesien die geesteswetenskappe in die geheel kwansuis minder eise ten opsigte van kritiese en ontledende denke stel en eerder 'n groot premie plaas op die geheuefaktor en 'n voorafbepaalde normsisteem. Gevolglik pas die geesteswetenskappe beter in die raamwerk van die Afrikaner.

Ek het egter verder gegaan, meneer die Rektor, en 'n opname gemaak van spesifiek die aantal toekennings wat onderskeidelik aan Afrikaanse en Engelse universiteite gemaak is ten opsigte van die bywoning van internasionale konferensies. (Die lewering van 'n referaat is in die reël 'n vereiste vir 'n sodanige toekenning.) Die doel hiervan was om, in die lig van mense soos Van Dyk en Arndt se uitsprake na te gaan in welke mate die Afrikaanse studente en veral dosent 'n begeerte het om hom in die internasionale denkraamwerk te begewe en om homself met internasionale standaarde te vergelyk.

Aangesien 'n referaat wat vir aanvaarding voorgelê word, in die reël gebaseer moet wees op navorsing van 'n hoë standaard wat nie ons akademiese naam in internasionale kringe sal skaad nie, sal die kwaliteit van die voorgelegde referaat uiteraard ook bepaal hoe die finale toekennings daaruit sien.

ILLUSTRASIE 6

RGN-ONDERSTEUNING VIR BYWONING VAN INTERNASIONALE KONFERENSIES: 1981-1984



Bron: RGN.

'n Verdere ontleding van bogenoemde gegewens het onder andere aan die lig gebring dat in 'n spesifieke jaar 'n sekere Engelse universiteit bykans net soveel toekennings vir die bywoning van internasionale konferensies ontvang het as al die Afrikaanse universiteite sáám! Ek wil in hierdie verband aansluit by prof. Reynhardt (1982) wat verklaar: *"In die lig van die toenemende isolasie van SA is dit jammer dat daar nie ten volle gebruik gemaak word van internasionale kontak op wetenskaplike gebied nie. Die taal van die wetenskaplike word nie beperk deur kulturele of politieke verskille nie. Dit is egter (ook) waar dat hierdie kommunikasiekanaal slegs benut kan word as 'n wetenskaplike aktief betrokke is by navorsing, dit wil sê as hy iets het om oor te gesels."* Of die Afrikaanse wetenskaplike nie wil internasionaal kommunikeer of nie internasionaal kán kommunikeer nie, is 'n ope vraag. (Ek persoonlik glo hy kán maar hy vind dit ongelukkig nie nodig nie.) Hoe dit ook al sy, hier is 'n leemte waaraan ernstige aandag geskenk behoort te word.

Ek wil net terloops daarop wys, meneer die Rektor, dat al die voorafgaande gegewens gesien moet word in die lig daarvan dat Afrikaanse universiteite weens hul getalle groter is as die Engelse universiteite, wat die prentjie nog minder aanskoulik maak.

Nou dat ons onself in die akademiese spieël betrag het en nie altyd gehou het van wat ons gesien het nie, is dit ewe nodig om nie alleen onself af te vra waarom dit so is nie, maar veral ook te kyk hoe ons die situasie kan verbeter. Om aan te sluit by die pas gebruikte beeldspraak: is grimering genoeg, of moet ons 'n "face lift" kry?

Anders gestel: ons kan hier op die vooraand van die tweede rugbytoets toelaat dat ons Engelse eweknie in die woorde van die gevierde Springbokvoorryman, Boy Louw, sê *"Look at the score-board"* en ons daarby berus. Of ons moet die oorsake vir die "score" op die "score-board" identifiseer en iets daadwerklik doen om die situasie te verander. Want, meneer die Rektor — en dit is een van die kernpunte wat ek vanaand wil tuisbring — ek is ten volle oortuig daarvan dat ons wel iets daaraan kan doen. Anders gestel, daar is by my geen twyfel dat die Afrikaanse dosent en student nie *potensieel* by sy Engelse eweknie afsteek nie. Veel eerder is daar ander veranderlikes wat tot die huidige toedrag van sake bydra. Wat presies ál hierdie veranderlikes is, val buite die grense van hierdie voordrag. Dit is in ieder geval 'n komplekse

netwerk van kulturele, geografiese en selfs politieke faktore, terwyl toestande by Afrikaanse universiteite eweso 'n belangrike rol speel. In laasgenoemde verband wil ek net twee faktore noem wat dr. P. Smit, Vise-President van die RGN en selfs 'n gewese professor, uitsonder:

(a) Daar is by Afrikaanse universiteite baie minder blootstelling aan 'n verskeidenheid denksisteme wat op sy beurt kritiese denke stimuleer. Een van die hoofredes hiervoor is dat Afrikaanse universiteite baie geneig is om sogenaamd "*in te teel*". Eie studente wat aansluit by die denkpatroon van 'n bepaalde departement, word op groot skaal aangestel. Dit lei dikwels daartoe dat daar geen vernuwing of krities-akademiese slyping plaasvind nie. In die VSA is dit byvoorbeeld 'n ongeskrewe reël dat geen student by sy alma mater aangestel word nie (altans nie alvorens hy eers sy horisonne by ander universiteite gaan verbreed het nie).

(b) Die lesinglas by die Afrikaanse universiteite is hoër as dié by Engelse universiteite. Die gevolg is dat die nodige tyd dikwels ontbreek om op dieselfde wyse navorsingswerk te doen of selfs net om baie wyd te lees en sodoende 'n kritiese ingesteldheid op te bou. En dan praat ek nie eers van die administratiewe rompslomp wat tot 50% van ons hoogsopgeleide adademicici (en dus potensieële navorsers) se tyd in beslag neem nie — rompslomp wat in die meeste gevalle voltooi kan word deur persone in wie daar nie naastenby soveel belê is nie.

Ek wil dan ook net hier terloops noem dat die harde werklikheid van al die voorafgaande gegewens is dat die nuwe bedeling van die Departement Nasionale Opvoeding — dat universiteite finansiële vergoed gaan word vir navorsing wat in erkende bronne gepubliseer word — kan meebring dat Afrikaanse universiteite in die toekoms nie net al hoe meer hul akademiese status inboet nie maar ook nou finansiële tweede kom.

Meneer die Rektor, ek het nou net verwys na faktore soos inteling, hoë lesinglas en administratiewe rompslomp wat meebring dat ons nie altyd na wense met die Engelse universiteite vergelyk nie — faktore wat ons as dosentekorps maar té dikwels voor die deur van die owerhede gooi. Ek wil egter vanaand 'n ander bydraende faktor uitlig waaraan ons as dosente die primêre aandeel het. Dit is 'n faktor wat volgens my heeltemal te min aandag geniet, hoewel dit volgens my 'n primêre rol

in die reeds gesketste situasie speel.

Dit gaan oor die onderrigmetodes wat so baie van ons (let wel, nie almal nie) volg. Meer spesifiek gaan dit oor die feit dat so baie van ons in gebreke bly om kritiese denke en ingesteldheid by die student aan te kweek. Veël eerder is ons, veral in die geesteswetenskappe, geneig om 'n passiewe aanvaarding van inligting by ons studente aan te kweek. En waar 'n kritiese denke en ingesteldheid so dikwels lei tot kreatiwiteit (en daaruitspruitende navorsing), lei 'n passiewe aanvaarding tot akademiese steriliteit. Daar word dus nie vrae by die student geskep nie, hy word nie gestimuleer om antwoorde te gaan soek en dit teen mekaar op te weeg nie. Ons is te geneig om op die geheuefunksie te konsentreer — veral as dit by eksaminering kom — ongeag die feit dat die student na 'n periode van sê 6 maande weinig onthou van die eksamen wat hy/sy geslaag (let wel, geslaag) het.

As dit ons doel is om studente te kweek wat bloot slaag omrede hulle 'n goeie geheuefunksie het en daarom feite (dikwels eensydige feite) woordeliks kan weergee, verdien ons die posisie wat ons ten opsigte van die Engelse universiteite beklee.

Wanneer ons nou na die Psigologie in die besonder kyk, wil dit voorkom asof ook psigoloë in Suid-Afrika hulle dikwels skuldig maak aan die kweek van 'n passiewe aanvaardingshouding by studente — juis as gevolg van die feit dat psigologiese self te dikwels te onkrities teenoor talle psigologiese aspekte staan. In hierdie verband wil ek aanhaal uit 'n RGN-verslag wat eers volgende jaar gaan verskyn en waarvoor ek spesiale toestemming het: "*Tyson, the previous editor of the SA Journal of Psychology ... finds that South African psychologists appear to be shockingly lacking in a critical approach to literature and research in general.*" Die verslag verwys ook na prof. T.M.D. Kruger se ondervinding wat dié van Tyson bevestig. In 'n opvolggesprek met prof. Kruger, Afrikaanssprekende hoof van die Departement Psigologie by Rhodes, het hy aan my genoem dat dit veral Afrikaanssprekende psigoloë is wat hieraan skuldig is en dat buitelandse psigoloë soos die bekende pro-Suid-Afrikaanse J.H. van den Bergh van Nederland dieselfde mening toegedaan is. In die lig van bewerings soos hierdie het ek gesprekke gaan voer met die personeel van die Departement Sielkunde by UNISA omrede hulle sowel Afrikaans- en Engelssprekende

studente oplei en dus 'n goeie mening behoort te kan vel, en ook omrede UNISA se Departement Sielkunde bekend is vir sy goeie standaard (die tweede hoogste standaard in die land!). Die betrokke dosente het almal die gebrek aan kritiese ingesteldheid by die Afrikaanse student beklemtoon. Een dosent het selfs 'n projek geloods om te bepaal watter veranderlikes met die suksesvolle Sielkunde-(honneurs)-student in verband gebring kan word en gevind dat Engelssprekende studente se kans om te slaag meer as twee maal beter is as Afrikaanssprekende studente. *As gevolg van die sensitiwiteit van laasgenoemde inligting is ek versoek om dit nie aan die pers bekend te maak nie. Ek vra dus die pers se samewerking in hierdie verband.*

Ek moet erken, meneer die Rektor, dat die here Tyson, Kruger, Van den Bergh, UNISA-personeel en andere se siening nie vir my vreemd was nie. Om die waarheid te sê: ek deel grootliks hul siening. Ek verbaas my gereeld vir die eensydige uitsprake wat kollegas selfs in ons nuusmedia doen- en vir die oortuiging waarmee hulle dit doen. Om 'n eenvoudige voorbeeld te noem: ek sien 'n ruk gelede weer hoe 'n psigoloog op televisie aan die kykers vertel hoe nadelig die invloed van die werkende moeder op die kind is — 'n baie goeie uiteensetting met die aanhaal van tientalle bronne om sy standpunt te staaf.

Maar géén verwysing na 'n gelyke hoeveelheid bronne wat aantoon dat daar geen persoonlikheidsverskille is tussen kinders wie se ouers werk en wie se ouers nie werk nie — en nog minder 'n verwysing na bronne wat aantoon dat kinders wie se moeders werk in sekere gevalle ten opsigte van sekere aspekte (bv. afhanklikheid en kreatiwiteit) selfs beter daaraan toe is. In my eie ervaring is voorbeelde soos hierdie talryk.

Seker een van die beste voorbeelde in hierdie verband is die onkritiese wyse waarop hipnose tot onlangs by sekere Afrikaanse universiteite aangebied is en, is ek jammer om te sê, nog steeds in sekere gevalle aangebied word, selfs op 'n wyse wat baie aan die rondreisende hipnotiste herinner — ongeag pogings deur Afrikaanse psigoloë om hierdie fenomeen in perspektief te stel. Hierdie onkritiese en feitlike liggelowige (of moet ek sê kubusagtige) beskouing ten opsigte van hipnose staan in skrilte kontras met die eksperimenteel-kritiese benadering wat reeds dekades by die Engelse universiteite voorkom en wat ek ook in die VSA aangetref het.

Ek wil dan vervolgens enkele aspekte van hipnose belig en meer spesifiek deur die tradisionele passiewe aanvaardingshouding teenoor die eksperimenteelkritiese te stel.

Alvorens ek dit doen, wil ek ter wille van diegene wat geen opleiding in die psigologie ontvang het nie net die volgende kortliks uitlig:

(a) Hipnose moet nie verwar word met illusies wat deur sogenaamde hipnotiseurs op die verhoog ten aanskoue van die publiek geskep word nie. Hier dink ek veral aan toertjies soos dié waar 'n persoon "*onder hipnose geplaas*" word en op die einde van 'n reeks rituele in die lug hang. Dit was nog altyd vir my interessant dat, hoewel ons tog almal besef dat die oorwinning van swaartekrag op aarde een van die grootste wetenskapelike prestasies in die geskiedenis sal wees, 'n obskure figuur soos Arnoldi die Grote (of wie ook al) dit op 'n verhoog in Bothaville regkry — maar geen haan daarna kraai of Nobelprys of ander toekennings aan hom toegeken word nie. Aan die ander kant is dit 'n sprekende voorbeeld van die liggelowigheid van die mens. Moet dus nie hipnose met illusies (populêre taal: oëverblindery of vlugheid van die hand) verwar nie. Ons daaglikse bestaan is besaai met illusies (dink maar bv. aan die maan wat groot is as dit opkom en klein is as hy reg bokant ons is: hoewel ons vas glo dat dit wel die geval is, is die foto's wat van die opkomende maan in sy verskillende fases geneem word almal ewe groot, of is die opkomende maan skielik kleiner as 'n mens jou rug op hom draai en tussen jou bene na hom kyk. En illusies soos hierdie word deur sogenaamde hipnotiste tot hul eie voordeel aangewend. 'n Ander voorbeeld is waar 'n persoon gehipnotiseer word dat hy sê so sterk soos 'n paal voel en dan word hy dramaties "*soos 'n paal*" met sy voete op een stoel en sy kop op 'n ander stoel gelê. In 'n uitbreiding van hierdie voorbeeld word 'n stoel onder die kuite en 'n ander stoel onder die persoon se skouers geplaas en dan klim 'n persoon selfs bo-op "*om die krag van hipnose te illustreer*". In beide laasgenoemde voorbeelde word die onkunde van die publiek uitgebuit: die sterkste liggaamspiere word ingespan en hipnose is nie 'n voorvereiste om hierdie "*toertjies*" te doen nie. Enige redelik goedgeboude persoon (soos ook maar deur die hipnotis geselekteer) is in staat om bogenoemde handeling uit te voer, met of sonder die hulp van hipnose. Laasgenoemde "*toertjies*" word egter nie aanbeveel nie, omdat dit sowel 'n wakker as 'n "*gehipnotiseerde*" toestand al tot beserings gelei het. Om die waarheid te sê,

wil ek sterk pleit dat die Regering ander regerings soos dié in Brittanje se voorbeeld volg en openbare hipnose-optredes verbied. Die totale valse en verdraaide beeld van hipnose wat so by die publiek tuisgebring word, skep valse verwagtings by voornemende pasiënte wat op sy beurt weer die terapeutiese proses kan belemmer.

(b) 'n Volgende punt wat ek wil uitlig is dat na beraming minder as 10% van alle psigiaters en psigoloë glad nie van hipnose as 'n terapeutiese tegniek gebruik maak nie. Die siening van die wêreldbekende van die hoogaangeskrewe outoriteite Freedman, Kaplan en Sadock (1976:905) dat *Everything done in psychotherapy with hypnosis can also be done without hypnosis*" word dan ook algemeen aanvaar.

(c) Derdens wil ek daarop wys dat ek vanaand die term "*hipnose*" gaan gebruik as verwysend na 'n sogenaamde transtoestand. Om die term te gebruik vir enige ander toestand, soos wel by sommige outeurs die gebruik is lei slegs tot verwarring en is vir my onaanvaarbaar. In hierdie verband wil ek dan ook daarop wys dat slegs ongeveer 10% van alle mense 'n transtoestand kan bereik, dit wil sê werklik hipnotiseerbaar is.

Kom ons kyk vervolgens eksperimenteel-krities na enkele aspekte van hipnose wat by sekere universiteite op so 'n wyse aangebied word dat dit moeilik tot kritiese denke kan lei.

Eerstens die kwessie van ouderdomsregressie, dit wil sê die gebruik van hipnose om 'n persoon na 'n vroeër lewenstadium te laat terugkeer. Daar is seker min van ons wat nog nie gehoor, gelees of selfs gesien het hoe 'n volwasse persoon onder hipnose in alle opsigte soos 'n kind optree nie. In 'n lesing kan baie interessante en selfs dramatiese voorbeelde aangehaal word, selfs komende van bekende outeurs. So vermeld Fromm (1970) die geval van 'n Amerikaans-gebore seun van Japannese ouers wat wel Japannees kan praat toe hy baie jonk was, maar later die taal basies heeltemal verloor het. Tydens hipnose hy geregresseer na die ouderdom toe hy nog Japannees kon praat — en het hy onder hipnose wel Japannees begin praat. Ook oor hoe ver terug 'n persoon geregresseer kan word, is daar interessante voorbeelde, byvoorbeeld die geval wat Kroger (1977) rapporteer waar 'n vrou so ver terug geregresseer is dat sy die posisie van 'n pasgeborene ingeneem

het, stom geword het en dit voorgekom het asof sy aan die moederbors suig. Ek het self in die VSA by *The Institute for Research in Hypnosis* aan 'n eksperiment deelgeneem waar daar aan 'n dame onder hipnose gesuggereer is dat sy in die voorgeboortelike fase verkeer, waarop sy die posisie van 'n fetus ingeneem het en haar duim begin suig het (soos dikwels die geval by fetusse is).

Meneer die Rektor, met ietwat dramatiese voorbeelde soos hierdie word "*die wonder van ouderdomsregressie*" geïllustreer — gewoonlik word daarmee hierdie faset van hipnose afgesluit, sonder om byvoorbeeld vrae te vra soos die volgende:

(a) Is soortgelyke gevalle soos dié waar die persoon na jare weer Japannees gepraat het, al gerapporteer? Ek persoonlik kon geensoortgelyke geval in die literatuur opspoor nie. Gevalle soos hierdie moet dus hoogs uitsonderlik wees — wat dan juis nie aan studente voorgehou moet word as algemeen nie — of dit moet toegeskryf word aan faktore soos foutiewe of subjektiewe interpretasie van die bepaalde geval (die probleme wat spruit uit 'n gevallestudie is aan al my kollegas bekend). Ek wil illustreer met 'n voorbeeld waarby ek enkele weke gelede self betrokke was. Ek het 'n besoekende Amerikaanse professor by ons hoofkampus (ek sal maar nie sê die Mooiriviertak nie) gaan wys en op 'n stadium ook met ons Rektor se kantoor gaan spog. (Terloops, ek het vroeër van illusies gepraat. Ek moet bieg dat ek dit ook in gevalle soos hierdie gebruik: net voordat ek die Rektor se kantoor vir 'n besoeker gaan wys, wys ek hom direk daarvoor eers my kantoor: dan lyk die Rektor se kantoor nog meer indrukwekkend as wat dit inderdaad is!) Ek het die Rektor se sekretaresse, wat eintlik Duitssprekend is op Duits gegroet en enkele geykte sinne in Duits met haar gepraat. Nou moet ek net noem dat ek in Suidwes grootgeword het waar ek Duits as tweede taal magtig was, en dat ek later ook Duits as een van my hoofvakke op Universiteit gehad het. Maar ek sê al vir die laaste dekade of wat dat ek nie meer Duits magtig is nie, dit wil sê dat ek dit verloor het. Hoe dit ook al sy, die Amerikaanse professor wat nie Duits magtig was nie maar dit tog kon herken, se reaksie was: "*Oh, I see you also speak German fluently*". Vir hom as leek het ek Duits vlot gepraat, maar dr. Ben van den Bergh van die Departement Duits sou tien teen een sy kop in skaamte laat sak het. Ons kan dus nou met verwysing na die Japanse geval vra: hoe vlot Japannees het die persoon wel gepraat en hoe bevoeg

was Fromm as Amerikaner om dit te beoordeel? Hoe wetenskaplik sou dit wees as die genoemde besoekende Amerikaanse professor in die VSA vertel van die Suid-Afrikaanse dosent wat Duits heeltemal verleer het maar toe hy in die magiese atmosfeer van die Rektor se kantoor kom, praat hy Duits “fluently”?

(b) Ander tipe vrae wat behoort gevra te word — veral met verwysing na gevalle wat na bewering na die vroeë babajare en selfs fetale fases regresseer is — is of dit werklik ég was of bloot bewustelike nabootsing. So byvoorbeeld was die dame in die eksperiment waarby ek betrokke was ’n persoon met ’n baie lae selfbeeld, sterk afhanklikheidsgevoelens en iemand wat ander baie graag wou behaag (“please”). Hierdie eienskappe, asook haar algemene gedrag tydens ’n nie-hipnotiese toestand, het my baie sterk aan die egtheid van haar ouderdomsregressie laat twyfel — saam met die besef dat talle persone wat selfs op die verhoog “onder hipnose” was, selfs die geklikste dinge aangevang het, het al male sonder tal aan my en ander psigoloë erken dat hulle glad nie onder hipnose was nie, maar net wou “saamspeel”. Ek dink hier ook aan die bekende skrywer Mark Twain wat as kind die pyniging op die verhoog “onder hipnose” moes deurgaang dat ’n speld in sy arm gedruk word terwyl hy by sy volle positiewe was — en hoe hy sy lewe lank gesukkel het om sy ma te oortuig dat hy nie onder hipnose was nie.

’n Uiters kritieke vraag ten opsigte van ouderdomsregressie is dus hoe eg die gehipnotiseerde se gedrag is of hoe betroubaar die inligting is wat hy as geregresseerde verstrek. Kom ons kyk na enkele fasette in hierdie verband:

Eerstens EEG(sg. “breingolf”) studies. ’n Studie en dikwels ongelukkig ál studie wat in hierdie verband aangehaal word, is dié van Kupper wat in 1945 ’n geval rapporteer van ’n 24-jarige persoon wat vanaf sy agtiende jaar epileptiese toevale gekry het. Toe hierdie persoon onder hipnose regresseer is na die ouderdom toe hy nog nie epileptiese toevale gekry het nie, het sy EEG-patrone normaal vertoon. As alleenstaande voorbeeld mag hierdie geval baie indrukwekkend klink, maar die prentjie verander drasties as ons krities daarna kyk:

* die ondersoek is 40 jaar gelede uitgevoer toe die EEG uiteraard

nog nie so tyn ontwikkel is soos later die geval was nie;

* ek kon geen geval in die literatuur opspoor waar Kupper se resultate gedupliseer is nie;

* talle latere navorsers kon geen verskille vind tussen die EEG's van òf persone wat wél en die wat nie geregresseer is nie òf selfs nie eers tussen persone wat onder hipnose is en dié wat nie onder hipnose is nie. Persone wat geregresseer word se EEG-patrone bly dus dieselfde as dié van volwasse persone, terwyl persone wat onder hipnose geplaas is se EEG's dieselfde is as dié van nie-gehipnotiseerde persone.

Kupper se eksperiment ontlok dus volgens my meer vrae as wat dit antwoorde gee en mag nooit op 'n passief-akademiese wyse aanvaar word nie.

Ook wat psigologiese veranderlikes betref, tree 'n ander beeld van hipnose na vore wanneer krities gekyk word na die egtheid en betroubaarheid van die gedrag van geregresseerde persone — dit wil sê wanneer daar maar nie net eenvoudig aanvaar word dat dít wat 'n hipnoties-geregresseerde persoon sê of doen eg of betroubaar is nie. Veral met die faktor van nabootsing deur die proefpersoon in gedagte, moet daar immers sekerheid wees dat die geregresseerde persoon se gedrag

* eerstens betroubaar korreleer met die gedrag van kinders van die ouderdom wat ter sprake is, en

* tweedens dat daar 'n verskil is tussen die gedrag van hipnoties-geregresseerde persone en persone wat nie onder hipnose is nie.

Ongeag die dikwels gedramatiseerde weergawes van waartoe 'n hipnoties-geregresseerde persoon in staat is en die realisties-humoristiese optredes van hipnoties-geregresseerdes op die verhoog, bring 'n kritiese evaluering van die literatuur die volgende aan die lig:

(a) Op enkele uitsonderings na kon objektiewe waarnemers nie onderskei tussen groepe hipnoties-geregresseerde persone en nie-gehipnotiseerde persone wat die gedrag tydens die betrokke ouderdom

nageboots het nie.

(b) Verskeie ondersoekers het gestandaardiseerde intelligensietoetse soos die Stanford-Binet en Wechsler-Bellevue toegepas op hipnoties-geregreseerde persone en die resultate dan vergelyk met nie-gehipnotiseerde proefpersone wat gevra is om die betrokke ouderdomme na te boots. Omrede daar gestandaardiseerde intelligensienorms vir die onderskeie ouderdomsgroepe bestaan, sou op hierdie manier dus bepaal kon word hoe eg die regressie is en ook of die gehipnotiseerde persone se intellektuele gedrag verskil van dié van nie-gehipnotiseerde persone. Op enkele uitsonderings na (Barber, 1976) was daar:

* eerstens geen verskil tussen die gehipnotiseerde groep en die nabootsingsgroep ten opsigte van die peil van hul intellektuele funksionering nie, en

* tweedens, het sowel die gehipnotiseerde as nabootsingsgroep in die reël IK-tellings behaal wat (heelwat) hoër as die betrokke ouderdom was. So byvoorbeeld het Young die Stanford-Binet toegepas op 'n aantal proefpersone wat hy na 'n driejarige ouderdom geregreseer het, asook op 'n kontrolegroep wat nie gehipnotiseer is nie en wat gevra is om driejarige kinders na te boots. Beide groepe het response gelewer wat ooreengestem het met die IK-norms van 5 1/2-6-jariges (d.w.s. bykans 2 keer ouer).

(c) Verskeie ondersoekers het persoonlikheidstoetse soos die Rorschach en die Bender-Gestalt, op groepe gehipnotiseerde persone en 'n kontrolegroep van nabootsers toegepas en tot dieselfde gevolgtrekking as in die geval van intelligensietoetse geraak, naamlik dat daar geen verskil tussen die gehipnotiseerde en nie-gehipnotiseerde groepe voorgekom het nie, asook dat beide groepe op 'n hoër vlak presteer het as wat verwag is (Barber, 1976).

Meer nog. Orne (in Houston e.a. 1979) het 'n interessante eksperiment uitgevoer deur in 'n stadium 'n aantal psigologiese toetse op 'n groep kinders af te neem en die kinders toe na 'n aantal jare onder hipnose laat regresseer en toe weer dieselfde toetse gegee. Hulle nuwe geregreseerde response het nie ooreengekom met hul vorige response

nie, ongeag hul kinderagtige gedrag onder hipnose.

Ons sien dus op hierdie stadium, meneer die Rektor, dat daar op grond van EEG-navorsing, asook navorsing met intelligensie- en persoonlikheidstoetse geen onweerlegbare bewyse bestaan dat hipnose 'n unieke toestand is of dat gedrag van geregresseerdes gehipnotiseerdes werklik eg is nie.

Maar wat dan van die wyd aangehaalde eksperiment van True (1949) wat gevind het dat die meeste (let wel, nie almal nie) gehipnotiseerdes wat hy na die onderskeidelike ouderdomme van 10,7 en 4 laat regresseer het, in staat was om die korrekte dag van die week waarop Kersfees en hul verjaarsdag val, te noem?

Eerstens is True se eksperiment reeds in 1949 uitgevoer en is dit vir my voorwaar vreemd dat ondersoekers soos Barber, Best en Michaels, Fisher, Leonard, Mesel en Ledford, Reiff en Scheerer, en nog ander tot hede toe nog nie True se bevindings kon dupliseer nie. Tweedens is True se metodologie en afleidings sterk deur navorsers soos Barber (1976) bevraagteken. Barber wys byvoorbeeld daarop dat van True se proefpersone, wat studente was, bekend was met 'n hoofrekenmetode waarmee die verlangde antwoord binne sekondes gegee kon word. Daarby is True se eksperiment oor 'n lang tydperk uitgevoer wat die studente die geleentheid gegee het om die eksperiment met mekaar te bespreek en om hul antwoorde voor te berei. Die feit dat True se bevindings onder gekontroleerde toestande nie herhaal kon word nie, toon aan dat laasgenoemde en ander besware minstens 'n mate van water hou.

Meneer die Rektor, ek wil 'n laaste voorbeeld aanhaal om te bewys dat die egtheid van 'n hipnoties-geregresseerde persoon se gedrag baie krities bekyk moet word en spesifiek dat die betroubaarheid van die inligting wat in so 'n toestand verskaf word, eers baie deeglik gesif moet word alvorens dit as die waarheid aanvaar word. Orne (in Houston e.a., 1979) het naamlik aantekeninge van gebeure en sake tydens 'n groep persone se sesde verjaarsdag gemaak. Jare daarna het hy hulle onder hipnose geplaas, hulle na hul sesde verjaarsdag laat regresseer en hulle toe kontrolevrae gevra. Hoewel die nabootsing en rollespel goed was, het baie van hul antwoorde hoegenaamd nie met die werklike feite ooreengekom nie.

Meneer die Rektor, op dieselfde wyse as wat ouderdomsregressie 'n ander kleur kry wanneer krities in plaas van passief-aanvaardend daarna gekyk word, is daar verskeie ander aspekte van hipnose waarvan dieselfde geld. As gevolg van die beperkte tyd sal ek egter nie kans kry om elkeen so volledig soos ouderdomsregressie te bespreek nie (tensy ons, meneer die Rektor, eers gaan eet en dan maar weer terugkom). Daarom baie kortliks net enkele grepe:

Eerstens die kwessie of 'n persoon onder hipnose tot antisosiale gedrag aangespoor kan word. Behalwe dat nuusmedia (veral rolprente en televisie) van tyd tot tyd aantoon hoe iemand onder die mag van hipnose 'n misdaad pleeg, is daar minstens twee vroeëre psigologiese eksperimente wat "*aangetoon het*" dat gehipnotiseerde persone wel tot antisosiale gedrag in staat is. In beide gevalle het Young (1948) en Rowlands (1939) gevind dat gehipnotiseerde persone wel gehoor gegee het aan opdragte om 'n giftige slang op te tel en om suur na die eksperimenteerder te gooi. (Sowel die slang as suur was egter agter 'n onsigbare plaat glas bedek.) Die sogenaamde krag van hipnose kry nog meer steun wanneer voorstanders van hipnose aantoon dat bogenoemde eksperimente deur resente navorsers, Orne en Evans met na-eksperimentele onderhoude gevind het dat *al* die proefpersone (ook die sogenaamde hipnosegroep) aangedui het dat hulle oortuig was dat hulle niks sou oorkom nie, dat hulle die navorsers as verantwoordelike mense geken het en dat hulle aanvaar het dat een of ander veiligheidsmaatreëls wel getref is. Barber het as gevolg van die nuttelosheid van eksperimente om die rol van hipnose in antisosiale optredes te bewys, navorsing gedoen ten opsigte van nie-eksperimentele (sg. "*real life*") situasie. Hy kon egter in 25 jaar se literatuur net 2 gevalle opspoor waar 'n persoon sy oortreding aan hipnose toegeskryf het — ongeag al die onbevestigde en dramatiese verhale wat van tyd tot tyd die rondte doen. En in beide gevalle is daar soveel faktore wat 'n rol by die oortredings gespeel het dat dit onmoontlik sou wees om hipnose as 'n alleenorsaak of selfs bydraende faktor te noem. Ek wil afsluit deur uit 'n werk van die bekende psigiater Wolberg (1972:279) aan te haal. Hy verwys naamlik na "*Dr. Jacob H. Conn (who) read widely through one hundred and fifty years of medical literature and case histories and found no proof of a single violent crime committed under hypnosis ... each subject could have committed the crime of which he was accused without the formality of hypnosis.*" Ek wil ook net vinnig verwys na die

ontstaan van blase onder hipnose. Ek kan nog duidelik onthou hoe geïmponeer ek as voorgraadse student was by aanhore daarvan dat dit moontlik is om aan iemand onder hipnose te vertel dat sê 'n stuk bordkryt 'n gloeiende stukkie yster is en dat 'n blaas sal ontstaan indien die stukkie bordkryt dan teen sy, sê arm, gedruk word. Wat nie aan my gesê is nie, is onder andere die volgende (Barber, 1979).

* *“During the past 100 years, many researchers suggested to their hypnotic trance subjects that a blister would form on the skin. With very few exceptions, no skin changes were observed”*. Ek weet byvoorbeeld nie van een van my SA-kollegas wat dit al reggekry het nie.

* Op enkele uitsonderings na is die suksesse tussen die periode 1886 en 1927 behaal, dit wil sê voordat streng eksperimentele prosedures nog werklik aan die orde van die dag was.

* Op enkele uitsonderings na is dit in die enkele gevalle waar wel *“blase”* gevorm is nog onseker of dit werklik blase was of nie net 'n geval van dermatografisme nie (d.w.s. 'n merkje wat ontstaan as gevolg van die skerp druk van die kryt teen die vel).

* Op enkele uitsonderings na is positiewe resultate behaal met persone wat aan 'n verskeidenheid velsiektes gely het of wat as histerici gediagnoseer is.

Hierdie aspek sluit aan by die aspek wat dikwels nie so gedramatiseer word, naamlik die pynlose uitvoer van operasies onder hipnose. ek kan nog goed onthou hoe beïndruk ek enkele jare gelede by 'n werkswinkel by 'n plaaslike hospitaal oor hipnose was toe 'n rolprent vertoon is oor 'n gehipnotiseerde vrou wat 'n keisersnee sogenaamd pynloos ondergaan. Gevallestudies soos hierdie word van tyd tot tyd aangemeld en die indruk word by die publiek — en ek is jammer om te sê dikwels ook by studente — geskep dat sodanige operasies aan die orde van die dag is. Die sogenaamde *“vader van die eksperimentele hipnose”*, T.X. Barber, het 'n deeglike ondersoek gedoen na talle operasies wat onder hipnose gedoen is (1979:131). Hy kom tot die volgende slotsom: *“In brief, the data indicate that surgery performed on patients who are presumed to be in ‘trance’ may not be as painless and as free from anxiety as has at times been supposed. Although highly selected subjects*

were used in all of the aforementioned studies, almost all subjects either required the assistance of chemical agents or showed outonomic reactions which are indicative of pain. The data are generally in line with Bernheim's observation that 'hypnosis only rarely succeeded as an anesthetic' and with Moll's contention that 'a complete analgesia is extremely rare in hypnosis, although authors, copying from one another, assert that it is common' "

Meneer die Rektor, op hierdie wyse kan ek aangaan om krities na hipnose te kyk en met ander woorde die sogenaamde ander kant van die saak stel. Waarin ek wel hopelik in geslaag het, is om talle vrae by u te skep, dit wil sê 'n behoefte om meer te weet en werklik uit te vind wat hipnose werklik is, wat met hipnose bereik kan word, maar bowenal hopelik dat die fenomeen hipnose, soos talle ander fenomene in die Psigologie, nie op 'n nie-kritiese en passief-aanvaardende wyse hanteer durf word nie — aangesien dit volgens my, soos vroeër reeds genoem, een van die belangrike redes is waarom ons nie ons regmatige plek ten opsigte van die Engelse universiteite beklee nie.

En dit is dan ook my afsluitingsgedagte — en hier wil ek aansluit by en selfs uitbrei op prof. A.P. Grove, Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte by UP — dat ons grootste taak in die geesteswetenskappe moet wees om studente die wêreld in te stuur wat krities kan dink — en nie studente wat oor 'n goeie geheue maar weinig oordeel beskik nie. Meneer die Rektor, ons in die geesteswetenskappe is nie in die bevoorregte posisie van die natuurwetenskaplikes om altyd te kan sien wat hulle maak of skep nie. Ons in die geesteswetenskappe kan dus ook nie altyd ons studente leer om te maak, te vorm of te skep nie. Maar wat ons wel kán doen, is om iets áán ons studente te maak, om hulle te vorm en om dus van hulle skeppende denkers te maak.